**Sondag 28 Julie**

| **Skrifgedeelte: Johannes 18:39 – 19:30 (1983-vertaling)** | **Fokusgedeelte: Johannes 9:18a, 30** |
|---|---|

***"Daar het hulle Hom gekruisig …"***

Tref die gebeure rondom Jesus se kruisiging jou nog? Hoe het dit jou nou weer opnuut getref? Die gevaar kan ontstaan dat ons bloot net "toeskouers" geword het wat na Jesus se kruisiging kyk sonder om werklik daardeur aangeraak te word.

"*Vat Hom weg! Vat Hom weg! Kruisig Hom!*" Die volk kies vir Barabbas. Die gevolg: Jesus word eers gegesel en daarna oorgelewer om gekruisig te word. Terwyl ek hieraan terugdink, voel dit of ek wil uitroep: "Wat 'n skreiende onreg!" En tog word die oordeel van die regverdige Regter hierin vir ons voltrek!

Daarom, as ons na die kruisgebeure kyk, kan ons nie maar net toeskouers wees wat op 'n afstand staan en kyk nie! Ons moet kyk na die kruisgebeure en seker maak ons ken die werklike feite, want by die verhoor van Jesus voor Pontius Pilatus het dit gegaan oor baie meer as net dit wat die toeskouers kon waarneem.

Christus is nie net deur die skare veroordeel nie – en deur die regter nie – maar ook deur sy eie Vader in die hemel. Meer nog: gevonnis tot 'n kruisdood, 'n vloekdood – en dit deur sy eie Vader! Hoekom? Om my en jou skuld ten volle te betaal! Dit is presies wat Jesus sê net voor Hy sy laaste asem uitblaas: "Dit is volbring!" Hierdie woorde is destyds op rekenings geskryf as hulle voluit betaal is. Ek en jy kan nie net 'n toeskouer wees nie, ons is mede-aandadig. Jesus Christus is aan die kruis gespyker om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael.

Om toeskouer te wees, om te weet van Jesus se kruisdood, om die besonderhede haarfyn te ken en om selfs hartseer te word, help jou nog niks nie. Jy moet dit glo!

Geloof beteken nie om eenkant te staan nie, maar om te weet: "Daar word ek saam met Christus veroordeel – deur God veroordeel – en daar sterf ek saam met Hom aan die kruis! Hy sterf onskuldig – ek nie! Tog neem Hy al my sondes op Hom sodat ek daarvan verlos kan wees.

*Sing: Skrifberyming 5-2:3, 5, 10*

*Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)*